

# ROEPING & RIGLYNE

TERMYNBLAD VAN DIE VERENIGING  
VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

ISSN 1029-8754

Jaargang 66 Nr. 3



Desember 2018



# Dissipelskap en Credo; geloftes en monumente

## SO BELY DIE VCHO SY:

### DOEL:

Die bevordering van

- ◆ Christelike opvoeding,
- ◆ Christelike onderwys en
- ◆ Christelike wetenskap

“Die hele Skrif is deur God in-gegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot tereg-wysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus.” (2 Tim. 3:16 en 17).

### GRONDSLAG

Ooreenkomstig die Calvinistiese Hervorming: die Heilige Skrif as die onfeilbare, geïnspireerde Woord van God, in sy geheel en in al sy dele.

“Die vrees van die HERE is die beginsel van die kennis; sotte verag wysheid en tug.” (Spreuke 1:7)

“Aan My is gegee alle mag in die hemel en op die aarde. Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.” (Matteus 28:18-19).

### MISSIE

Om deur die bevordering van Christelike opvoeding, onderwys en wetenskap, toegespits op ons eie volk, persone en instellings te lei om op alle terreine tot eer van God te lewe en te werk – vgl. Hand. 1:8 ■

Efesiërs 6:1-3; Kolossense 3:20

## SKRIFLIG

Ouers en Kinders – deur God aan mekaar gegee

PJ de Bruyn, 'n Lamp vir my voet

Wat die verhouding tussen ouers en kinders *volgens die wil van God* moet wees, is uit die Woord van God baie duidelik.

Aan die adres van die *kinders* sê Paulus in aansluiting by die vyfde gebod: “Kinders, julle moet julle ouers gehoorsaam wees in die Here, want dit is reg. Eer jou vader en jou moeder – dit is die eerste gebod met 'n belofte – sodat dit met jou goed mag gaan en jy lank mag lewe op die aarde” (Ef. 6:1-3; vgl. ook Kol. 3:20).

Aan die adres van die *ouers* en spesifiek aan die vaders sê Paulus: “Vaders, moenie jul kinders vertoorn nie, maar voed hulle op in die tug en vermaning van die Here” (Ef. 6:4).

Dit is egter nodig dat ouers en kinders in hulle onderlinge verhouding nie net *die wil van God* moet raaksien nie, maar hulle moet ook *die beskikking van God* opmerk en eerbiedig – veral as daar verskille en botsings tussen hulle is. *Juis dan moet hulle onthou dat hulle mekaar nie as ouers en kinders gekies het nie* maar dat God hulle as sodanig aan mekaar gegee het.

Al sou *ouers* dus mooier, aangename en meer talentvolle kinders wou gehad het, kon hulle nie kies nie, want God het hulle vir mekaar gekies en wel met 'n

goeie rede – dit moet ons glo! – dat geen beter keuse gedoen kon word nie.

En al sou *kinders* ook graag beter, ryker, slimmer en belangriker ouers wou gehad het, moet hulle weet dat God hulle met 'n baie goeie rede en met 'n spesifieke doel aan hulle ouers gegee het. Ook moet hulle aanvaar dat Hy, juis deur die spesifieke persone as ouers aan hulle te gee, 'n keuse gemaak het waarop hulle nooit sou kon verbeter nie – ook al moet hulle met die oog op hulle toekomstak soms wysheid put uit die dwaasheid van hulle ouers in plaas van uit die wyse leiding en goeie voorbeeld van hulle ouers.

Hierdie beskikking van God moet aanvaar word, maar nie in 'n fatalistiese houding dat dit nou

**Vervolg op bl. 3**

## IN HIERDIE UITGAWE

Redaksioneel	3
Dissipelskap en onderwyser	4
Dordtse Sinode & Uitverkiesingsleer	8
Geloftedagpreek	11
VCHO en Steyn-standbeeld	13
Kenskets pres. Steyn	14
UV-raadsbesluit oor Steyn-standbeeld	17
Christelike opvoeding	19

# Redaksioneel

Hugo Hayes

Ons betree 'n nuwe jaar, danksy die genadige voorsienigheid van ons Alwyse God-drieëinig, óók wat die VCHO en sy werksaamhede betref. Met erkentlikheid kan en wil verklaar word dat, ten spyte van al teenslae wat in daar in 2018 op meer as een terrein ervaar is, dit tog ook in vele opsigte 'n goeie jaar vir VCHO was. Daar is in ons behoeftes aan middele voorsien, daar kon met belangrike projekte voortgegaan word, en daar was in vele opsigte seën op ons werk. Ons hoogste dank gaan aan die Here vir alles wat Hy vir ons moontlik gemaak het. Ons wil vervolgens ook al ons lede van harte bedank vir hulle volgehoue ondersteuning. Benewens dat met behulp van hulle bydraes dit moontlik gemaak word dat die VCHO se werk kan voortgaan, wil ons ook melding maak van die ondersteuning en voorbidding van ons lede en van bemoedigende boodskappe wat van tyd tot tyd ontvang word.

Daar is genoeg aanduidings dat 2019 dalk in meer as een opsig 'n nog moeiliker jaar kan wees. Met die VCHO is dit (in mindere mate as met groot ondernemings, maar tog

ook beduidend genoeg) só dat ons deur heersende landsomstandighede geraak word. Wanneer die ekonomie in 'n daalfase is en huisgesinne swaarder begin kry, het dit ook 'n uitwerking op die VCHO. Wanneer die algemene verwagting en gemoedstoestand van mense vanweë die landspolitiese en ander faktore terneergedruktheid veroorsaak, word dit ook in VCHO-geledere ervaar. In 2018 was dit wel tot 'n groot mate so, maar ons kan nogtans van ons lede getuig dat hulle die VCHO in gedagte gehou het, ten spyte van die moeilike omstandighede. Ons is ons maar net daarvan bewus dat daar op wonderlike wyses voorsien word, deurdat lede voortgaan om die VCHO getrou te ondersteun. Ons wil in hierdie verband ook melding maak van verskeie gemeentes wat nog gereeld vir VCHO voorbidding doen en d.m.v. insamelings hulle bydrae maak.

Die verbreding van Christelike opvoeding en onderwys is die VCHO se heel belangrikste opdrag, waarmee daar in 2019 voortgegaan sal word DV. Ons Vereniging se doelstrewes wat reeds sover as

1949/50 dateer, bly die een appèl waarmee daar steeds na almal wat 'n belang by onderwys het, gegaan wil en sal word. Ons het Christelike onderwys as belangrikste prioriteit aanvaar, aangesien ons oortuig bly dat 'n land en sy mense mede deur op die nuwe en lewende weg waarvan die Woord ons oortuig, geplaas kan word. Dit is en word moontlik, slegs deurdat dit die Woord is wat die grondslag van Waarheid in mense se lewens kan terugbring, en gewerk deur Gods Gees, waaraan ons land tans so 'n ontsettende behoefte het. Ons verneem van baie planne wat in die onderwys gemaak moet word, ter wille daarvan om onderwys in SA op koers te probeer hou, maar sonder hierdie lewensnoodsaaklike grondslag, sal die yslike vraagstuk oor (religieuse) begroning in die onderwys bly voortduur.

Wanneer ons oor Christelike onderwys, d.w.s. Woordgebaseerde onderwys 'n appèl op die onderwysgemeenskap maak, is dit werklik omdat die belang van die jeug van ons volk swaar weeg. Ons

**Vervolg op bl. 6**

## **Vervolg van bl. 2**

### **Skriflig**


eenmaal nie anders kan nie en dat ons daar tog niks aan kan doen nie. Nee, dit moet aanvaar word met die wete dat God, wat alles ten goede laat meewerk vir hulle wat Hom liefhet, dit so vir ons beskik het en dat Hy deur die verbinding van bepaalde ouers en kinders aan mekaar, aan hulle ook 'n roeping en taak met betrekking tot mekaar gegee het. Ons Kategismus wys ook in hierdie rigting as dit sê dat kinders met die swakhede en gebreke van hulle ouers geduld moet hê (H.K. antw. 104). Dit geld natuurlik ook in 'n sekere sin van ouers se houding teenoor hulle kinders.

Maar dit is sekerlik nie genoeg om by hierdie negatiewe bepaling te bly staan nie. Ouers en kinders het, op grond van die beskikking van God wat hulle in een gesin saam verbind het, ook 'n positiewe roeping en taak teenoor mekaar. Hulle moet mekaar nie net met elkeen se swakhede en gebreke aanvaar en verdra nie, maar hulle moet mekaar ook aanvaar met elkeen se besondere begaafdheid, bekwaamhede en talente, daarvoor waardering hê en help om dit verder te laat ontluik en ontwikkel.

Vanselfsprekend sal die ouers uit hoofde van hulle gesagsposisie, lewenservaring en lewenswyshheid die leidende rol moet vervul. Tog het ook die kinders, veral

groter kinders, op grond van God se beskikking 'n taak teenoor hulle ouers.

As daar uitgegaan word van hierdie beskikking van God en aanvaar word dat die Here doelbewus sekere ouers en kinders met elkeen se gebreke én begaafdheid aan mekaar verbind het en op die wyse aan hulle 'n negatiewe en 'n positiewe taak teenoor mekaar gegee het, sal baie van die hedendaagse botsings tussen ouers en kinders uit die weg geruim word.

Hulle sal leer om mekaar te help en te lei, vir mekaar te bid en mekaar by te staan omdat die Here hulle ook met hierdie doel voor oë aan mekaar verbind het. 

# Dissipelskap en die onderwyser

*Dr Bennie Aucamp*

Vir 'n geruime tyd het ek die behoefte om oor 'n onderwerp te skryf wat my na aan die hart lê. Ek waag daarom my hand aan 'n onderwerp met die wete dat ek eerstens slegs as 't ware aan die oppervlakte raak, en tweedens, dat ek dit doen, welbewus van my beperkte denke en gebrokenheid.

Die titel mag vir die hedendaagse onderwyser (of breedweg, selfs vir enige persoon buite die onderwys) vreemd, selfs verouderd lyk. Tog, volgens my is een en elkeen in hierdie wêreld 'n dissipel. Hoe so? Of jy is 'n dissipel met deur en deur 'n fokus op hierdie sekulêre wêreld met die uitsluitlike nastrewing en navolging (dissipel) van 'n wêreldse/planetariese rolmodel/sisteem waar God nie geëer en verheerlik word nie. Of jy is 'n dissipel en volgeling gerig op Jesus Christus wie uitsluitlik jou totale lewe bepaal en lei, tot eer en verheerliking van Hom. Dus, wie 'Christen' sê, sê volgens my besef ook 'dissipel'. Of soos iemand dit gestel het: "Daar behoort nie tussen Christene en dissipels onderskeid gemaak te word nie. Daar is nie sogenaamde dissipels wat 'ware' of 'beter' gelowiges is en Christene wat hulleself besig sou hou met die Christelike godsdiens sonder om in 'n persoonlike verhouding met God te staan nie".

Kom ons kyk net na 'n algemene beskrywing of verduideliking van die begrip 'dissipel' met die vraag: Wat beteken dit om 'n dissipel te wees? Iemand het dit mooi en treffend soos volg gestel: Dit beteken om onder die dissipline te kom van iemand wat meer volwasse is. So byvoorbeeld, kan dit geld vir 'n situasie waar 'n kind wat hom/haar in 'n doodloopstraat bevind en hulp

soek, die hulp gaan kry by iemand, 'n onderwyser/n terapeut/n ouer/ens, wat reeds dit ervaar het waarmee die kind worstel, of op grond van hulle gespesialiseerde kundigheid wat hulle kan bied. Ek hoop om verder in hierdie bydrae meer en meer vanuit my Christenskap en teen die agtergrond van Christelike onderwys na die begrip te kyk en minder en minder vanuit 'n wêreldse konteks.

Net vir duidelikheid: Die begrip 'wêreld' verwys na 'n geografiese en fisiese wêreld soos waarin ons leef, maar dit verwys ook na 'n faset/komponent/aspek/omgewing wat teenoor die Christen kom staan en nie bely wat die Christen bely nie – in opposisie en in vyandigheid dus. Wanneer ek dan in hierdie wêreld na dissipelskap kyk, doen ek dit nie vanuit 'n tipe kloosteropset nie, maar vanuit die wete dat ek daagliks met 'n wêreld of omgewing te make het wat my negatief wil en kan beïnvloed t.o.v. my taak as dissipel. Ek wil my eerder in en teenoor die wêreld onderskei op grond van my oortuiging as dissipel van Jesus. Trouens, vir my het die Christenonderwyser (getrou en gehoorsaam aan sy/haar roeping) ook, byvoorbeeld, 'n rol en taak en verantwoordelikheid om binne hierdie wêreld sy roeping uit te leef en sy/haar gawes aan te bied in naasteliefde tot voordeel van almal wat sy/haar pad op watter wyse ook al kruis, maar tot eer en verheerliking van God drie-enig. Dit is dan ook in hierdie opsig dat Christenonderwysers binne 'n openbare skoolopset, wat moontlik sterk deur sekulêre waardes/motiewe gedryf word, die geleentheid kan benut en hulle kan onderskei met 'n ingesteld-



heid van diensbaarheid volgens die voorbeeld van Jesus – dié 'Dissipel' wie perfekte gehoorsaamheid teenoor die Vader geleef het.

Die Christenonderwyser in terme van sy/haar dissipelskap is 'n man of vrou wat 'n nuwe skepping in Jesus Christus is en nie langer vir hom- of haarself leef nie. Dit is die effek van die roeping soos dit ook in die Bybel beskryf word toe Jesus sy dissipels geroep het en hulle in gehoorsaamheid reageer het en Hom onmiddellik gevolg het – aanvanklik dan ook letterlik gevolg het – agter Jesus aangestap het terwyl Hy besig was om mense te onderrig en te leer. Net so terloops. In my eie loopbaan het ek die voorreg gehad om konferensies en simposiums by te woon waar verskeie sprekers referate gelewer en ek van hulle insigte, idees en opinies kon kennis neem. Ek het dan daarvan teruggekeer 'gepantser' met 'n sakvol aantekeninge, reg en gereed om toe te pas. Tog het ek na 'n ruk die gevoel gekry dat alles weer aanbeweeg het, welbewus daarvan dat ek nie meer

**Vervolg op bl. 5**

#### **Vervolg van bl. 4**

daardie aanvanklike verbintenis, entoesiasme en opgewondenheid ervaar nie. En in baie gevalle kon ek die spreker nie eers meer in my gedagtes herroep of eien nie. En ek reken die rede hiervoor kan met die volgende aanhaling tov die aard en verwagtinge van 'n dissipel, verklaar word:

“A disciple did not merely attend lectures or read books, they were required to interact with and imitate a real living person. A disciple would literally follow someone in hopes of eventually become what they are”.

As dissipels van Christus – leerlinge – word ons deur Christus geroep tot 'n lewende en aktiewe verhouding met God. God is nie passief en daar ver nie. Hy is in beheer en hou alles in stand. Hy maak bemoeienis met ons en ons word daagliks opgeskerp deur Jesus en sy beeld om nie aan die wêreld gelykvormig te word nie, maar ons denke te vernuwe deur 'n voortdurende ondersoek van en gefokusdheid op God se Woord. Daarom ook die essensiële vraag vir elke Christen-gelowige: “Waarom volg jy Jesus; wat is ons motiewe”? Neem kennis van Jonathan Dodson se woorde:

“Jesus forces us to reflect on our motives for following Him. If we live for comfort and ease, we won't give up our beds, money, and entertainment to follow Him. If idyllic community is what motivates our decisions, we won't give up close friends and family members. Jesus is clear. If we want to be His disciples, we must be motivated by something greater than comfort and community. His kingdom must motivate us, and the kingdom comes with a cost.

True disciples will consider and embrace the cost over and over again. They will endure because,

in finding the kingdom, they have found a King worthy of their sacrifice. Searching for the why of their existence, they discover a pearl of great price. Disciples motivated by pragmatism alone may consider the cost and embrace the cause of making disciples who make disciples, but when push comes to shove, they will walk away from Jesus, not after Him. We need more than the hows of fulfilling the Great Commission to get us through the adversity of seeking first the kingdom of God”.

Nou dat ek myself weer herinner het aan die aard en inhoud van dissipelskap, wil ek verder konsentreer op hoe dissipelskap mentorskap beïnvloed en bepaal. Die Christenmentor as dissipel kry sy/haar krag, insig en wysheid vanuit die Woord en leef elke dag met volle erkenning aan sy/haar afhanklikheid van God se Woord. Die mentor besef ook sy/haar gebrokenheid (in 'n gebroke/vervalle wêreld) en geneigdheid om nie God se wil te soek nie. Om daarom soos Jesus te wil wees, verootmoedigend in gebed tot Hom te nader en sy volmaakte voorbeeld na te volg en op sy onderwysing en leiding te let, is al manier om fokus te behou en perspektief te kry oor hoe die mentor ander kan help en lei. Ander moet dus Jesus (as die volmaakte Mentor) kan raaksien soos wat die Christenmentor Jesus se beeld reflekteer. In die proses behoort die Christenmentor 'n gesindheid aan te neem wat spreek van nederigheid, waar nie eie eer gesoek word en waar grootpraterigheid en hoogmoed nie 'n plek het nie. Om dus 'n mentor te wees, noodsaak dat ek as mentor my daagliks moet verbind aan die beeld van Jesus deur die werking van die Heilige Gees wat Jesus se beeld in my meer en meer sigbaar maak deur heiligmaking. Daarom is ek ook onder die dissipline van Jesus

(Let wel: dissipline en dissipel het dieselfde Latynse wortel en dra daarin die beginsel van orde). Dissipline en dissipelskap is daarom onseibaar van mekaar. Enige jong en ook ervare Christenonderwyser moet deurentyd onthou dat hy/sy as 'mentor' vir kinders die verantwoordelikheid ook het om kinders te dissiplineer en tot orde en korrektiewe optrede te roep. In hierdie verantwoordelikheid lê ook opgesluit die voorbeeld wat die onderwyser in sy privaatlewe stel. So dikwels sien ons deesdae dat mense/onderwysers reken dat hulle hul privaatlewe kan skei van die skool- en professionele lewe. En dan is dit uiteindelik nie 'privaat' nie, want deur middel van die sosiale media en kuberruimte word boodskappe en beelde die wêreld ingestuur wat nie strook met die beeld van 'n Christenonderwyser nie. Maar meer hieroor in 'n moontlik volgende bydrae. Ons hoor gereeld die uitroep dat ons beter leiers en mentors in hierdie wêreld nodig het. En dan gaan ons deur baie moeite en beplanning en ontwikkelingsessies om dit te bereik sonder om vanuit 'n Bybelse perspektief hierna te kyk, of erkenning te gee dat daar Bybelse modelle is van mentorskap en wat leiers werklik sal staal vir die opdrag en taak op hande. Hier kan 'n mens net kyk na die verhouding tussen Silas en Paulus wat duidelik op 'n model vir mentorskap dui en waar Silas deur sy medewerking, sy passie en sy persoonlike verhouding met Paulus die Evangelie na die wêreld uitgedra het. In hierdie proses gebeur alles nie sommer net maklik en sonder opofferings nie. Dit gaan gepaard met heelwat ontberings. Daarom kan die mentor ook vanuit persoonlike ervarings praat en ander wys op die slaggate, maar ook op die

**Vervolg op bl. 6**

### Vervolg van bl. 5

duidelike heenwys na die Een, Jesus Christus, wie reeds die pad voluit en met oorgawe ter wille van ons gestap het. Hierdie wete bemoedig ons dan as Christen-onderwysers om te weet en die versekering te hê dat ons nooit alleen is en hoef bang te wees nie (vgl. Handeling 18:9). God rus die mentor toe met padkaarte om, soos 'n skrywer dit treffend gestel het, "to get around the distracting traps presented alluringly by the Devil, the world, and our own inevitable corruption", met die verdere verwysing na Paulus wat met oortuiging en moed en sekerheid en vanuit sy eie ervaring die volgende as opdrag kon stel: "En wat julle van my geleer en ontvang het, en gehoor en gesien het, dit moet julle doen" (Fillipense 4:9), en 1 Kor. 4:16 met die woorde: "Daarom spoor ek julle aan: Volg my voorbeeld!". Paulus kan dit sê, nie om homself te eer en sy eie belang te soek nie, maar omdat hy dit in die naam van die Here kan sê. Die laaste deel van vers 9 in Fil. 4 sê dan: "En God wat vrede gee, sal by julle wees". En dan ook die woorde in 1 Kor. 4:17 waar Paulus Timoteus betrek en saam in vrymoedigheid kan verklaar: "Hy (met verwysing na Timoteus) sal julle herinner aan my lewe en leer in Christus


Jesus, waarin ek ook oral in elke gemeente onderrig gee" (my eie invoeging). Is hierdie woorde van Paulus nie uiteindelik 'n model vir elke Christenmentor nie, maar met die uitroep *Soli Deo Gloria?* Aan God al die eer!

Paulus het geweet dat die gesag waarmee hy optree, Godgegewe gesag is. Hy het dan ook onder leiding van die Heilige Gees met verantwoordelikheid en met ont-sag vir God, gehandel. Daar is egter ook 'n anderkant (negatiewe/verkeerde benadering/gevaar) waarvan kennis geneem moet word. Iemand het dit in die lig en woorde van onder andere Titus 2:15 baie treffend soos volg gestel:

"Mentors can unfortunately become **tormentors** when they misappropriate and misapply their God-granted authority. Authority is a gift. Rebuking comes like a scalpel with care, not like a sled-gehammer with careless judgementalism. Authority is to be exercised for building up, not tearing down, for edifying, not destroying. Mentors provide: support through hard times, navigation through bewildering times, hope through despairing times, and joy through perilous times. In order to provide positive feedback for those who are fed-up, mentors must be well-fed on the grace of Christ that comes through God's Word and sacrament ... Pointing to the

Savior is the overriding purpose of mentoring — there is one mediator, one Mentor, between God and humanity, the man Christ Jesus. When Christ is displaced, whenever human personality becomes sinfully uplifted by an inward curvature of the ego, difficulties will always creep in" (eie beklemtoning).

Voordat ek vorentoe meer oor die effek van ons dissipelskap m.b.t. ons kinders/leerlinge gesels, wil ek graag die volgende aanhaling oor dissipelskap met elke Christen onderwyser deel, as bemoediging vir die belangrike opdrag en taak wat ons as volgelinge/leerlinge van Christus het. B Hull sê: "... discipleship occurs when a transformed person **radiates** Christ to those around her. It happens when people so deeply experience God's love that they can do nothing other than affect those around them. The heart of being a disciple involves living **in intimate union and daily contact with Christ**. Discipleship – the effort both to be a disciple and to make other disciples – is about the immense value of God at work in one individual's life and the resulting impact on other lives" (eie beklemtoning).

Dissipelskap mag daarom nie net maar in die verbygaan ligtelik gemeld word nie. 

### Vervolg van bl. 3

#### Redaksioneel

is dankbaar vir en erkentlik teenoor skole waar daar nog goeie onderwys is, maar as dit nie tegelyk ook Christelike onderwys is/kan wees nie, is daar nog groot werk wat in belang van ons kinders en jongmense gedoen moet word. Goeie onderwys, maar sonder die Christelike grondslag is vir ons besef net nie goed genoeg vir ons kosbare jeug nie. Ons wil vertrou dat ons op die ondersteuning van ouers en onderwysers kan staatmaak, wat hierdie belangrike saak


betref, anders sal 'n bedeling vir Christelike onderwys vir die jeug van ons volk baie moeilik deur-gevoer kan word. Sover dit die VCHO aangaan, sal daar met die bevordering van Christelike onderwys voortgegaan word. Aan hierdie verantwoordelikheid wil ons in 2019 en verder gehoorsame uitvoering bly gee, al sou dit selfs teen groot teenstand in moet wees.

Aan die einde van 2018/begin 2019 staan ons – wat Christelike onderwys betref – voor 'n uitdaging van enorme proporsie. Tendense in die onderwys vertoon in hierdie sta-

dium, vanuit ons Christelike perspektief gesien, nie positief nie. Die aanduidings is dat daar, sover dit openbare onderwys betref, met verdere aanpassings/wysigings nog verder weg van die beginsel van Christelike onderwys beweeg gaan word. Met die veldtog wat vroeër deur ondermeer mnr Hans Pieterse en sy organisasie teen Christelike godsdiensonderrig begin is, asook ander beoogde stappe wat moontlik in 2019 kan kom, lyk die vooruitsig vir onderwys in Suid-Afrika

**Vervolg op bl. 10**





Voorstelling van Dordtse Sinode, 1618/19

# Literatuur oor die Dordtse Sinode van 400 jaar gelede, die uitverkiesingsleer en die Belydenisskrifte

*Ds Lewis Strauss, Onafhanklike Hervormde Gemeente, Bloemfontein*

Skaars 43 jaar nadat daar in die Nederlandse Geloofsbelydenis (NGB – 1561) 'n baie duidelike artikel opgeneem is oor die Bybelse leer van die uitverkiesing, word die leer vanaf 1604 deur prof. Arminius en sy gevolg, die Arminiane (ook genoem die remonstrante) in twyfel getrek. Die gesag van die belydenisskrifte word ook bevraagteken.

Inderdaad is niks nuut onder die son nie want die huidige standpunte wat deur sommige Bybelwetenskaplikes ingeneem word aangaande byvoorbeeld die geboorte, opstanding en hemelvaart van Jesus Christus, begin juis daarby dat hulle nie getrou bly aan hulle handtekening dat hulle as predikante en professore hulle in hulle verkondiging en navorsing sal laat lei deur die Belydenisskrifte nie. Van die weg wat bestaan om die belydenis te laat ondersoek indien hulle navorsing 'n vraagteken daaroor na vore bring, weier hulle om gebruik te maak.

In die NGB word die saak so bely:

## **Artikel 16 – Die ewige verkiesing van God**

*Ons glo dat God, toe die hele geslag van Adam homself deur die sonde van die eerste mens in die verderf en ondergang gestort het, Hom betoon het soos Hy is, naamlik barmhartig en regverdig. God is barmhartig, aangesien Hy die wat Hy uitverkies het, uit hierdie verderf trek en verlos; God het hulle, uit louter goedheid en sonder om hulle werke in die minste in aanmerking te neem, in sy ewige*

*en onveranderlike raad uitverkies in Jesus Christus ons Here.*

*God is regverdig, deurdat Hy die ander in hulle val en verderf laat bly, waarin hulle hulleself gewerp het.*

Die Arminiaanse predikante se geskrif téén die aanvaarde belydenis staan bekend as die remonstransie (=teengeskrif). Hulle verskaf dit uiteengesit in vyf hoofstukke aan die provinsiale state/provinsies van Holland.

Die merkwaardige is dat hierdie teologiese stryd binne die Hervormde Kerk in die Nederlande plaasvind tydens 'n oorlog wat die volk gevoer het teen die Spaanse koning en sy Rooms-Katolieke oorheersing.

Dit is ook nie nuut nie – dat daar verdeeldheid oor uiters belangrike sake is onder mense wat eintlik een van oortuiging moet wees en dat die stryd dan tegelyk na buite en binne gevoer moet word.

Die oorlog het 80 jaar lank geduur: van 1568 tot 1648. Die Nederlandse state het destyds onder die beheer van die Spaanse (Rooms-Katolieke) geval en wou hulle daaraan ontworstel om 'n vrye Calvinistiese volk te wees. **Ná die lang oorlog** verenig die sewe provinsies in 1651 tot 'n gereformeerde kerkstaat. Die meerderheid van die volk behoort aan die Hervormde Kerk.

'n **Jaar vóór die uitbreek van die oorlog** is die opsteller van die NGB, Guido de Bres, deur die Roomse owerheid saam met sy kollega Pérégrin de la Grange ter dood veroordeel. "Zij zouden



opgehangen en gewurgd worden omdat ze het gebod van de regentes<sup>1</sup> overtreden hadden, dat wil zeggen, het avondmaal van Jezus Christus tegen haar bevel in gevierd hadden ..."<sup>2</sup> Die vonnis is voltrek op 31 Mei 1567. Daar het in 2011 'n pragboek, 415 bladsye, verskyn oor De Bres se lewe en belydenis.

**Tydens die oorlog** was daar 'n twaalfjarige wapenstilstand. Gedurende daardie 12 jaar kom daar in die Nederlandse stad Dordrecht 'n internasionale Sinode byeen om 'n beslissing te gee oor die regte verstaan van die uitverkiesingsleer. Die Dordtse Leerreëls word geformuleer waarin die regte leer uiteengesit en die remonstransie afgewys word.

<sup>1</sup> Margaretha van Palma wat sedert 1559 in opdrag van die Spaanse koning Filips II die Nederlande regeer met Antoine Perrenot de Granvelle as raadgever.

<sup>2</sup> Émile Braekman, en E.A. de Boer (Red). *Guido de Bres zijn leven, zijn belijdenis*. (Kampen: Kok, 2011), 325-6.

**Vervolg op bl. 9**



## Vervolg van bl. 8

'n Maklik leesbare en beskikbare e-boek hieroor, en oor die wyer kerkgeskiedenis, is die *Inleiding tot die Nederlandse Kerkgeskiedenis: van die beginjare tot 1795* van prof. AD Pont.


Dit kan gratis elektronies afgelaai word by:

<https://repository.up.ac.za/handle/2263/50097?show=full>

Behalwe dat die leser in die boek 'n oorsig kry oor die verloop van sake op kerklike en staatkundige gebied, behandel prof Pont ook die inhoud van die Dordtse Leerreëls (DL). Hy verduidelik die teologiese argument wat deur die 5 hoofstukke van die DL loop en hoe dit in verband met mekaar verstaan moet word. Waardevol dus om 'n oorsig te kry van hoe die kerkgeskiedenis in hierdie stamland van ons verloop het sowel as in die verstaan van hierdie belydenisskrif waarvan ons dikwels sê dat ons dit bely, maar nie altyd so bedrewe met die inhoud daarvan is nie.

Ander waardevolle boeke is:

Braekman, Émile en De Boer, E.A (red). *Guido de Bres zijn leven, zijn belijdenis*. Kampen: Kok, 2011. ISBN 9789043517935



<https://www.bol.com/nl/p/guido-de-bres-zijn-leven-zijn-belijden/1001004007646448/>

Botes, H.J. *Ek glo. Die Heidelbergse Kategismus in dagstukies verklaar*. (Tweede druk). Pretoria: Fontein, 2017 ISBN 978-1-928269-62-5

Le Roux, Johann. *Die Heidelbergse Kategismus. 'n Maklik-verstaan grafiese uiteensetting*. Privaat uitgegee, 1995.

Le Roux, Johann. *Die Nederlandse Geloofsbelydenis. 'n Maklik-verstaan grafiese uiteensetting*. Pretoria: V&R, 1995.

Le Roux, Johann. *Die Dordtse Leerreëls. 'n Maklik-verstaan grafiese uiteensetting*. Privaat uitgegee, 1997.

Jooste, Christiaan. *Die Dordtse Leerreëls. Preke deur ds Christiaan Jooste*. (Derde Druk). Pretoria: Zeroplus, 2018

**Alle afbeeldinge wat volg verkry van:**

<http://aros.esolve.co.za/listitem>



Vervolg op bl. 10



### Die Heidelbergse Kategismus

Hierdie boek is 'n moet vir elke katkisant en kategeet. Dit sal ook van besondere waarde wees vir almal wat indringend met die belydenis besig is.

Predikante met die voorbereiding van leerprediking, jonk en oud met persoonlike godsdiens, lidmate in Bybelstudiegroepe sal baat vind.

Hierdie is 'n werkboek, 'n boek wat die gelowige terugbring na die strome van lewende water. By elke vraag word 'n aantal tekste bygevoeg.

Prys: R90.00

ISBN nr: 9780620414913



### Ons glo...

Die Bybelstudiegids is geskik vir persoonlike en groepstudie. Onder elke tema word 5 subtemas onder behandeling geneem.

'n Sesde punt onder elke hooftema stel 'n aantal besprekings- of nadinkvragies waarin die onderwerpe uit die vorige 5 temas verdiskoneer is. Die boek is in 11 temas ingedeel.

Prys: R75

ISBN nr: 9780869552056

# Dordtse Sinode 'n bevestiging van Bybelse en verwerping van onbybelse leer

Hugo Hayes

Die maandelange Dordtse Sinode het uiteindelik tot 'n belangwekkende besluit op 6 Mei 1619 oor die Arminiaanse standpunte geraak, wat tot 'n verwerping daarvan gelei het. Daaruit het voortgekóm die gereformeerde leerstuk oor die Vyf Punte (met klem op die argument dat Christus se versoeningswerk slegs vir die uitverkorenes bestem is). Dikwels word hierna as die Vyf Punte van die Calvinisme verwys, wat kortliks soos volg aangedui word:

- Algehele verdorwenheid
- Onvoorwaardelike verkiesing
- Beperkte versoening
- Onweerstaanbare genade
- Volharding van die heiliges

Die Sinode het sekerlik nooit die bedoeling gehad om daarmee te kenne te gee dat die Calvinisme as lewensbeskouing tot enkel hierdie vyf punte gereduseer moet word nie. Maar wel dat die (uitgewerkte) vyfpunt-leerstuk die Calvinistiese standpunt voldoende raakgevat het, sover dit die Soewereiniteit van God betreffende die verlossing en saligmaking van die heiliges betref. Dit staan daarom as die Besluit van die Sinode van Dordt oor die Vyf Hoofpunte van die Leer in dispuut in die Nederlande bekend.

Dit is wel betekenisvol dat die Sinode sterk op die Calvinistiese

leerstelling aangeleun het is sy beoordeling van die Arminianisme en die formuleringe soos in die Dordtse Leerreëls in antwoord daarop. Uitnemende Godgeleerdes uit Gereformeerde Kerke vanoor die destydse Europa wat dit bygewoon het, het hulle goedkeuring daaraan geheg, wat 'n teken van die eenstemmigheid binne die gereformeerde kerkbeskouing van daardie tyd was. Ons glo dat dit slegs die Gees van God is wat afgevaardigdes uit verskillende lande en streke in Europa daarin gelei het om tot hierdie Waarheid op grond van die Skrif te geraak het.

Die 500-jarige herdenking van die Sinode van Dordt in hierdie veelbewoë tyd van die Kerkgeskiedenis is daarom vir die gereformeerde Christendom van groot betekenis. Wanneer paradoksale uitlatings oor die Here Jesus en die aard van sy versoeningswerk vernem word, bied hierdie leerstuk aan gelowiges van die 21ste eeu steeds vaste grond en sekerheid kragtens die Woord.



### Vervolg van bl. 6

#### Redaksioneel

glad nie goed nie. Nog verder terug, het dit reeds duidelik begin word dat daar 'n georkestreerde poging geloods word dat met die kultuur en die taal van die Afrikaner in openbare skole weggedoen moet word. Daar is 'n duidelike aanslag op die kultuurerfenis van die Afrikaner, met die aandrang dat van die eiendommikhede en erfenisse wat van ons bydrae tot die opbou van hierdie land getuig, ontslae geraak moet

word. Die jongste is die besluit van die UV-raad oor die pres Steynstandbeeld. (Elders in hierdie uitgawe word verder hieroor berig.) Ons taal verkeer onder groot druk. Al meer Afrikaanse skole word geforseer om van Afrikaans na parallelmedium na dubbelmedium na Engels oor te skakel.

Dit bring alles mee dat daar harder en meer doelgerig gestry en gewerk sal moet word, ten einde te behou en uit te bou wat aan ons toevertrou is. Wat ons onder die

Vervolg op bl. 19

# Teks van die preek wat op Geloftedag, 16 Desember by die Vrouemonument gelewer is

*Ds Tinus Swart van die Onafhanklike Hervormde Gemeente, Bloemfontein*

## Votum en Seëngroet:

In Ps 121 staan daar geskrywe: Ek slaan my oë op na die berge, waarvandaan sal daar vir my hulp kom, my hulp kom van die God wat hemel en aarde gemaak het. Gemeente, genade en vrede vir julle van God ons Vader, Jesus Christus die Here deur die werking van die Heilige Gees. Amen

**Lofsang:** Gesang 29 vers 1, 3

**Wet:** Ps 38:1

**Belydenis:** Ps 100 vers 1 en 4

**Skriflesing:** Ester 7: 1-10; 9: 20-32

Hier eindig ons Skriflesing: Die woord van God is lewend en kragtig dit is skerper as enige swaard dit beoordeel die bedoelings en die gedates van die hart.

**Gebed:** Ps 124 As die Here ons nie gehelp het nie, dit moet Israel bely, as die Here ons nie gehelp het toe die mense ons aangeval het nie, dan het hulle ons lewendig verslind toe hulle woede teen ons ontvlam het, dan het die waters ons weggespoel en die vloed ons oorweldig. Dan het die skuimende waters ons oorweldig. Aan die Here kom die lof toe: Hy het nie toegelaat dat ons hulle prooi word nie. Ons is bevry soos 'n voël uit die wip van die voëlvanger, die wip het gebreek en ons was vry. Ons hulp kom van die Here wat hemel en aarde gemaak het.

**Sang** voor die Prediking: Ps 46

## Prediking

Geliefdes in ons Here Jesus Christus,

Wat is Hoop? Iemand sê: "Hoop is 'n droom wat aanhou al word 'n mens wakker" ... Hoop sê die HAT: "**Verwagting; Vertrouwen**": "Hoop op God" Uitdrukking: Die beste hoop, op 'n goeie afloop vertrou. Op beter dae (tye) hoop, 'n beter toekoms verwag. Teen beterwete in hoop, die hoop behou al lyk dinge hopeloos.

Inderdaad, wat is Hoop vir ons as Christen Afrikaner mense? Hoop vir 'n gelowige is meer as 'n droom wat aanhou al word jy wakker ... hoop vir ons is geloof ... Geloof is kennis van die Woord van God en vertrou in die God van die Woord.

As mens nadink oor die Gelofte van 1838 dan word dit tog duidelik dat die Afrikanervolk hierin 'n unieke besitting het. Daar vër terug in 1838 het die vadere van ons volk 'n Gelofte aan God afgelê omdat hulle in 'n benoudheid was ... en ons vandag is óók uniek omdat ons, **ondanks alles wat oor ons en ons volk gekom het**, aanhou om die Gelofte te gedenk en God daarvoor te eer. Ons is tog eie-soortig! Verder is dit opvallend dat die Afrikaner, dwarsdeur sy geskiedenis, die nuk openbaar om sy eie koers te gaan **op grond van sy geloof** in God en kennis van die wereld waarin hy leef en werk.

Die jaar 1838 was vir die Trekkers van Natal 'n donker jaar; allereers was daar die moord op Piet Retief en sy 70 man, toe



hulle gegaan het om met Dingaan te onderhandel oor woonplek in Natal, daarna die groot moord deur die Zoeloe impi's op verspreide Voortrekker-groepe ongeveer 280, waarvan die meeste kinders was, asook 200 bediendes. Verder sterf Gert Maritz, wat die Trekkers sonder 'n algemeen aanvaarde leier gelaat het. 1838 was voorwaar 'n donker jaar waarin dit gelyk het of alles teen hulle gedraai het ... hooploos, uitsigloos.

Eers teen die einde van November, as kmdt. PD Jacobs met sy trek en na hom genl. AWJ Pretorius met sy mense in Natal aangekom het in antwoord op die Voortrekkers se roep om hulp, was daar iets soos 'n ligstraal in 'n somber en donker atmosfeer!

**Vervolg op bl. 12**

**Nuwe hoop het opgevlam en daar was weer hoop en nuwe vooruitsigte.** Teenoor die Voortrekkers het die groot getalsoorwig van die Zoeloe-leër gestaan ... en hoewel die Zoeloes in die botsings met die Voortrekker al verliese gely het, was die grootste deel van hulle leërmag nog ongeskonde, goed ge-oefen en uitstekend gedissiplineerd. Daarom, as Andries Pretorius wat gekies is as die bevelvoerder van die kommando, met sy manne uittrek doen hy alles in sy vermoë om sy 470 man voor te berei vir die komende stryd.

Deel van die **voorbereiding was gereelde godsdiensoefeninge** waar veral Sarel Cilliers 'n besonder positiewe invloed gehad het. So het Sarel Cilliers met sy prediking gewys op **'n ooreenkoms tussen die Trekkers en die ou volk Israel se pad uit Egipte na hulle Beloofde Land.** Dit was deur Sarel Cilliers se preke dat hoofkomdt. Andries Pretorius op die gedagte gekom het om 'n Geloofte af te lê en om so, deur 'n Verbond met God, God se hulp in te roep ... en om terselfdertyd die kommando se moed en vertroue in hulle saak, te sterk.

Die volk Israel het vir ons as Afrikaners die spieëlbeeld geword van die pad wat God met ons loop dag vir dag ... tot so 'n mate dat ons, onself ook sien as die Verbondsvolk van God.

**Hoe bly 'n mens hoopvol** wanneer dit lyk of jou omstandighede die oorhand kry ....? Dis die vraag waarmee die Jode geworstel het in die tyd van die boek Ester, dis die vraag waarmee die Voortrekkers geworstel het ... Dis ons vraag vandag as ons kyk na ons land, die grond-eise, die plaasmoorde, anargie

en geweld. Die Boek Ester wil ons in ons geloof **bemoedig om te bly vertrou** op God. Die Boek gee ons die antwoord: **Hoekom ons God kan vertrou?**

Die Naam van God word nie eenkeer in die boek Ester genoem nie. Tog is die boek nog altyd gesien as 'n **uitdrukking van God se sorg in die lewe van sy volk.** God voorsien, ook in die uur van nasionale nood, soos die volk in die boek Ester beleef.

Die gebeure speel af na die ballingskap waarin die Jode uit hul land ontwortel is. Hulle leef nou onder die gesag van 'n groot koninkryk waarvan hulle **nie in beheer is nie, maar uitgelewer voel.** (Babelonie is oorgeneem deur die Persiese ryk). Wanneer die verhaal begin in die openingstoneel gaan dit oor die **saak van wie mag het.** Ahasveros se mag word uitgedaag deur sy koningin Vasti, as sy nie na sy pype wil dans nie. Sy word onttroon en deur die **samelooop van die omstandighede** word Ester, die niggie van Mordegai koningin.

**Drie belangrike karakters** tree na vore uit die Boek: Mordegai, Haman en Ester.

**Mordegai** was 'n getroue Jood en leier van sy volk in die Persiese verstrooiing. Na sy oom en tante se dood het hy hulle dogter Ester aangeneem en soos sy eie kind behandel. Toe sy later na die koning se paleis geneem en as koningin gekroon is, het hy steeds haar raadgegewer en vertroueling gebly.

Mordegai se lewe was gekenmerk deur allerhande krisis. Hy het dit as uitdagings gesien wat hy in geleenthede kon omskep. Hy was ook 'n omstrede persoon. Aan die een kant was hy lojaal aan die Persiese koning. Toe hy gehoor het dat twee mans

saamsweer om koning Ahasveros te vermoor, het hy hulle moordplan bekendgemaak en die koning se lewe gered.

Aan die anderkant was hy weer moedswillig en ondiplomatiek, Hy het met Haman, Ahasveros se nuutverkose amptenaar wat naas die koning die hoogste posisie in die hele ryk beklee het, gebots. Mordegai was heeltmaal bereid om die koning te dien, maar hy was nie bereid om voor Haman te buig nie. Daardeur word hy die direkte oorsaak daarvan dat Haman besluit om nie net vir hom nie, maar sommer al die Jode dood te maak. Sy plan het 'n wet van Mede en Perse geword en menslik gesproke was dit die doodsvonnis van al die Jode in die land.

Mordegai se optrede het egter 'n reeks gebeure aan die gang gesit waaruit dit duidelik geword het dat geen wereldse mag kan doen net wat hy wil nie. Deur die sameloop van 'n hele klomp omstandighede ontkom die Jode nie net aan die doodsvonnis wat oor hulle uitgespreek is nie, maar kom hulle selfs sterker as hulle vyande uit die stryd. Danksy Ester se posisie as koningin kry Mordegai die volmag om 'n ordinansie uit te vaardig dat die Jode 'n teenoffensief teen Haman se planne kan loods. Danksy Mordegai se lojaliteit aan die koning skakel hy nie sy teenstander Haman uit nie, maar word hy beloon en neem selfs Haman se plek in en kom soos Josef tweede in bevel naas die koning.

Ten spyte van sy omstrede optrede is Mordegai die uitbeelding van hoe hulle wat aan God getrou is nie net gered word van gewisse ondergang nie, maar op die ou einde die oorwinnaars word. Hy is 'n konkrete voorbeeld

# VCHO en die pres. Steyn-standbeeld

Sedert April van 2018 is die verloop van die openbare deelnameproses i.v.m. pres. Steyn se standbeeld noulettend, maar met 'n ongerustheid gevolg. VCHO het dit nodig geag dat self ook bydraes daartoe gelewer word, by wyse van skriftelike en mondelinge vertoë. Ons is van oortuiging dat daar geen geldige rede bestaan waarom die integriteit van die standbeeld geskaad of onder verdenking gebring word nie.

Dit was uit die staanspoor die ongemaklike indruk dat die UV-taakspan die openbare standpunte ten gunste van die behoud van die standbeeld op die kampus nie met openheid sou beoordeel nie. Die openbare deelnameproses was, na waarneming, as 'n blote formaliteit deurgevoer, sodat aan die einde daarvan 'n besluit geneem kon word wat 'n ongunstige standpunt oor die standbeeld ter wille sou wees. 'n Besluit egter wat diegene in Afrikanergeledere wat met pres. Steyn en waarvoor hy gestaan het vereenselwig, steeds verder van die UV vervreem het. Daardie vervreemding het reeds met die miskenning van Afrikaans as onderrigtaal aan die UV ingetree.

Die indruk van vooroordeel is versterk, deurdat geykte wanvoorstellings oor wie pres. Steyn nou eintlik sou wees deurentyd as jargon in die anti-Steyn argumente verneem is. Voorstellings soos dat die standbeeld kolonialisme sou versimboliseer, dat dit 'n uitbeelding van institusionele rassisme sou wees of selfs van wit oorheersing getuig. Daar was geen poging van die UV-owerheid se kant om hierdie soort ikonoklasme teen te staan nie, ten spyte daarvan dat nie een van bogemelde waar is nie. Die vraag ontstaan dus: Was dit met die oog op gedienstigheid aan die radikalistiese standpunt op die kampus dat dit geïgnoreer is?

Die VCHO se standpunt ten gunste van die behoud van die standbeeld is op suiwer opvoedkundige oorwegings gebaseer. Daar is aangevoer dat ons ons met die pres. Steyn-standbeeld in die midde van 'n opvoedkundige instelling bevind, wat na oordeel deur opvoedkundige uitgangspunte, oorwegings en optredes gerig behoort te word. Gegrandves in die akademies-opvoedkundige, sou met reg verwag kon word dat die UV-owerheid hom deur dieselfde beginsel-oorwegings in besluite en optredes sou laat lei. Die oorheersende indruk met die besluit oor die Steyn-standbeeld is egter dat dit nie die geval was nie.

VCHO het in sy vertoë klem gelê op die feit dat die standbeeld oorspronklik opgerig is om erkenning te gee aan die president se strewe vir behoorlike (Christelike) opvoeding vir sy mense. As sodanig sou dit hoogs kontroversieel wees dat 'n instelling soos die UV selfs enigsins bereid sou wees om daaraan toe te gee dat die gedagtenis aan die standbeeld geskend moet word. VCHO het verklaar dat tot die uiterste ons geen historiese rede of enige ander gronde vir die skending van 'n standbeeld van die persoon van pres. Steyn kon vind nie, wat hom slegs maar vir die bevordering van opvoeding/onderwys beywer het.

VCHO het nadruk daarop gelê dat vir 'n instelling soos die UV wat homself wil posisioneer as 'n leidende universiteit, 'n ongunstige besluit oor die Steyn-standbeeld ernstige reperkussies inhou. Trouens, bloot die gedagte dat die UV-owerheid gepreokkupeer sou wees met 'n sterk ondertoon van sosio-politiek of rassevooroordeel, sou die UV in groot onguns by die onderwysgemeenskap bring. Indien dit sou blyk dat die UV met voormelde geassosieer word, wat

totaal nie-opvoedkundig van aard is, sal dit 'n donker skadu van vooroordeel oor die universiteit werp.

Enige voorstelling van pres. Steyn soos wat uit die radikale stem op die kampus verneem is, is totaal ongegrond. Inteendeel, die president was daarvoor bekend dat hy teen kolonialisme gestry het en dat hy iemand was wat sy land en mense liefgehad en 'n besondere deernis vir die vroue en kinders van sy volk gehad het. Daarvan getuig o.m. die oprigting van die Vrouemonument in 1913, ter nagedagtenis aan die lyding van die vroue en kinders, wat hy hom sterk aangetrek het.

Die standbeeld van pres. Steyn versimboliseer op 'n besondere wyse die kulturele bydrae en ingesteldheid van die Afrikaner, veral t.o.v. die onderwys en opvoeding. Teen hierdie agtergrond gesien, ontstaan die vraag of dit die onuitgesproke bedoeling van die UV-raad was dat die standbeeld as 'n entiteit behandel moet word wat na willekeur rondgeskuif kon word. Dit sou deur Afrikaners wat 'n beduidende aandeel in die totstandkoming van die Universiteit gehad het, vertolk kon word as dat die kulturele hoedanigheid soos deur hierdie standbeeld verteenwoordig, as 'n aanstoot uit daardie oord beleef word. Dit teen die agtergrond dat ons in Suid-Afrika juis tot sensitiviteit opgeskerp en opgevoed word om nie andere se kultuurerfenisse op enige wyse te skaad of verdag te maak nie. Moet die jongste besluit van die UV-raad vertolk word dat daar 'n duidelike onderskeid getref word wanneer dit by Afrikaner-eiendommikhede kom?



# 'n Kort kenskets: Pres. MT Steyn

Hy is gebore naby Winburg in die Vrystaat op 2 Oktober 1857 — drie jaar nadat die Vrystaatse republiek tot stand gekom het. Hy het op talle wyses bygedra tot die opbou van die Vrystaat as 'n vooruitstrewende Republiek. Hy studeer in die Regte in Nederland en Engeland. Hy is getroud met Tibbie Fraser in 1887 — 'n vrou wat die hulpbehoewendes en haweloses tydens die Anglo-Boereoorlog bygestaan het. In 1889 is hy aangestel as staatsprokureur en tweede strafregter. In 1889 word hy eerste strafregter in die Vrystaat.


Op 4 Maart 1896 is hy ingehuldig as President van die Vrystaat-republiek. Hy poog aktief om die oorlog te verhoed. Tydens die Anglo-Boereoorlog neem hy aktief deel aan die stryd teen kolonialisme en imperialisme. Na die oorlog werk hy aktief vir die oprigting van opvoedkundige instellings vir behoeftiges in die verwoeste Vrystaat. Oranje-

Meisieskool kom tot stand deur sy aktiewe bydrae. In 1909 was hy een van die oprigters van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.

Onder sy leiding is die Nasionale Vrouemonument opgerig — 'n simbool van liefde en patriotisme vir die lyding van vroue en kinders tydens die oorlog. Hy is begrawe aan die voet van die Monument. Sy stryd teen kolonialisme en imperialisme verleen aan hom internasionale aansien. Monumente word tot sy eer opgerig in België en Nederland en parke word na hom vernoem. Hy sterf in 1916 onderwyl hy 'n vrouevergadering toespreek — die hulpbehoewendes aan wie hy sy lewe opgeoffer het.

Vanweë sy aktiewe deelname in die oprigting van opvoedkundige instellings na die Oorlog en sy opregte pogings om naskoolse onderwys in die Vrystaat te verseker, is hy paslik vereer. Die oprigting van die UV was die

direkte uitvloeisel van sy strewe vir hoër onderwys in die provinsie. As gevolg van die sentrale rol wat hy gespeel het in die oprigting van die Vrystaatse Universiteit in 1904 en sy opregte pogings om universiteitsopleiding aan jongmense in die provinsie te verseker, is die Steyn-standbeeld opgerig. Nadat die Afrikaanse Studentebond het in 1917 die besluit oor die oprigting van die standbeeld geneem het, het die onthulling op 29 September 1929 voor die hoofgebou op die sentraalkampus plaasgevind.

Die oprigters van opvoedkundige instellings bly relevant, omdat sonder hulle pogings die Universiteit van die Vrystaat nie in 1904 tot stand sou kon kom nie en so ook nie andere nie. Ten spyte van politieke veranderings in ons land, huldig ons vandag steeds diegene wat dit moontlik gemaak het dat ons die voorreg het om universiteitsopleiding te geniet. 



## Toeligting oor die pres. Steyn-standbeeld te Deventer, Nederland

Die standbeeld vertoon pres. Steyn in velddrag. Hy word uitgebeeld asof hy moedig en standvastig sy burgers toespreek. Onderwyl hy sy toespraak hou, staan die president op die gestapelde klippe wat gesamentlik 'n koppie vorm, leun hy met sy regterhand op 'n klip en hou hy sy hoed in sy linkerhand vas.

Onderaan sy voete, amper in die middel van die monument, staan die teks Aan president Steyn/Het Nederlandsche volk. Op die heel onderste steen, staan die wapenskild van die Oranje-Vrystaat. Regs, steeds aan die voorkant, is 'n teks oor pres. Steyn uitgebeitel, wat lui:

Geen offer heeft hij geschuwd  
voor zijn volk,  
voor de trouw aan  
lands woord,  
voor onafhankelijkheid,  
recht en taal.  
Hij was een eer  
voor onzen stam.

Met erkenning aan Wikipedia

## Geloftepreek

van hoe 'n gelowige met al sy deugde en ondeugde tog nog meer as oorwinnaar kan wees in God.

**Ester** het deur haar optrede sake in haar tyd reggeruk en gesorg dat 'n hopelose toestand verander het en haar volk gered is van ondergang. Sy was bereid om te waag en haar posisie as koningin op die spel te plaas om die lot van haar volk te verander. Sy het haarself beskikbaar gestel en dit aan die Here oorgelaat om haar te gebruik soos Hy wou. Ester het met haar skoonheid en karakter koning Ahasveros se hart gesteel en hy het haar sy koningin gemaak. Toe Haman haar volk in gevaar gestel het, het sy haar lewe gewaag deur ongenooid na die koning te gaan. Hy het haar genooi om nader te kom. Sy het egter nie vir hom gesê wat haar versoek was nie, maar hom en Haman genooi om by haar te gaan eet. Die koning was sensitief genoeg om te weet dat sy iets op die hart gehad het en deur haar tweede uitnodiging het sy hom laat verstaan dat dit 'n baie belangrike saak was.

Die Here het gesorg dat Ahasveros een nag die paleisdokumente lees en uitvind dat Ester se pleegpa en volksgenoot, Mordegai, sy lewe gered het. Hy het hom dan ook dadelik daarvoor beloon. Toe hy en Haman die tweede keer by Ester gaan eet, het sy hom van haar volk se dilemma vertel. Haman is opgehang aan die galg wat hy vir Mordegai laat oprig het. Die koning het aan Ester en Mordegai die mag gegee om 'n tweede bevel uit te vaardig dat die Jode hulleself teen hulle aanvallers kan verdedig. So het Ester tot haar volk se redding gekom. Haar bereidwilligheid en haar waagmoed het haar 'n werktuig in God se hand gemaak

om sy volk van ondergang te red. Die Here soek mense wat bereid is om hulleself in sy hand te stel en deur Hom gebruik te word om sy wil te laat geskied.

**Haman** het al die eienskappe vertoon wat die Bybel afkeur. Hy was behep met mag. Hy was haatdraend en moordlustig. Hy was oormoedig en vol van homself. Hy was hooghartig en arrogant. Hy het sy bose planne agtermekaar gekry en die koning ensy posisie aan die hof misbruik om dit uit te voer. Toe Mordegai weier om voor hom te buig, het hy besluit om hom te vernietig. Mordegai se toewyding aan God en sy weiering om 'n mens te ver-eer, was 'n struikelblok vir haman se selfgesentreerde lewensiening. Hy was vol haat en bitterheid en hy het die Jode begin sien as 'n bedreiging vir sy mag en besluit om hulle almal dood te maak.

Toe Haman gedink het dat hy op die kruin van sy sukses was, het alles om hom skielik in duie gestort. Sy geslepenheid en moordadigheid het op homself geboemerang. Sy vyand Mordegai het die koning se lewe gered en dit het tot gevolg gehad dat die koning baie aan hom verskuldig was. Haman kon Mordegai nie doodmaak soos hy wou nie, maar moes tot sy ontsteltenis en vernedering hom in die openbaar vereer. Daarna is hy self opgehang aan die galg wat hy vir Mordegai laat oprig het en is sy hele plan om die Jode uit te wis ongedaan gemaak.

'n Mens se eerste reaksie is om te se dat Haman sy verdiende loon gekry het. Ons moet egter versigtig wees. Die Bybel vertel vir ons van Haman om vir ons 'n ontstellende spieël voor ons gesig te hou. Ons moet eerder vra: Hoeveel van Haman is daar nie dalk by my nie? Wil ek nie ook maar altyd beheer oor ander mense probeer kry ter wille van myself nie? Voel ek bedreig as ander nie vir my die waardering

gee wat ek dink my toekom nie? Wil ek graag wraak neem as my trots in die gedrang kom? Ons moet met skaamte erken dat sommige van hierdie gedagtes ook maar by ons leef. Ons moet die Here vra om ons maar voortdurend in ons gemoed te laat verander sodat ons al minder belangrik word vir onself en al meer diensbaar aan Hom. Die boek Ester getuig juis van die mag wat God het om deur klein dingetjies en deur gehoorsame mense die wêreld te beheer en te regeer.

## Wat leer die Boek Ester ons oor God?

- Dit lyk of die Jode se lot verseël is en of gewisse ondergang hulle voorland is. Alles lyk na 'n uitgemaakte saak, soos dit by ons ook maar dikwels lyk of daar maar net een rigting is waarin alle sake teen ons verloop. **God is in beheer selfs al is die nag op sy donkerste.**
- Die moontlikheid wat ons altyd vir onself in gedagte moet hou: die Here werk nie altyd net deur groot dinge en uitsonderlike mense nie. Hy kan en wil ook deur klein dingetjies en klein mensies koninkryke laat wankel en groot dinge in hierdie wereld laat gebeur. **Ons moet bid dat Hy ons bereid sal maak om beskikbaar te wees vir sy diens waar en wanneer Hy ons ook al roep, al is ons hoe klein.**
- Haman is die tipiese dwaas wat 'n gat grawe vir 'n ander en dan self daarin val, so gaan dit met mense wat met mag heul en dit inspan om hulle eie haat en nyd te laat botvier. **Die goddelose mense verkeer onder die waan dat hulle op die kruin van mag en sukses ry, maar die wat van beter**

Vervolg op bl. 16

**weet, besef dat hulle maar net besig is om hulle eie graf te grawe.**

- Die magtiges van die wereld maak ons dikwels paniekbevange met hulle mag en geweld, **maar dit is hulle uiteinde wat ons laat besef Wie in werklikheid in beheer van die wereld is.** Ons moet ons nie laat opjaag deur allerlei vorms van magsvertoon nie. **Die Een wat die werklike mag het, is ons Vader wat in die hemel is.**
- Dinge gebeur nie regtig toevallig nie. Ons is soms teleurgesteld as dinge nie na ons sin wil verloop of op die tydstip gebeur wat ons wou gehad het dit moet gebeur nie. Maar God se tyd is die beste tyd. Die Here weet beter met ons lewe. Hy laat die regte dinge op die beste tyd gebeur. **Vertrou op Hom en hou jou gereed om op sy tyd te doen wat Hy van jou verwag en op sy tyd te ontvang wat Hy weet jy op daardie tydstip nodig het.**
- Die dag van die Purim/ **Lot word 'n ironiese ommekeer waarin al die rolle omgeruil word deur die mag van God.** Die dag wat die Jode se einde moes beteken, word op paradoksale wyse die twee dae van hulle grootste oorwinning. (Waar Ester voor die koning moes buig, buig hy nou voor haar wanneer hy besef hoeveel mense deur die Jode doodgemaak is.)
- Die gebeure moet gevier word as die gebeure waarin die lot van die Jode op 'n wonderbaarlike wyse verander is. Die Lot(Pur) was oor hulle gewerp en hulle lot was verseël om uitgeroei te word. **Deur die hand van God het daar vir hulle 'n radikale ommekeer gekom.** Die Purimfees is die

fees van alle wat verander het en omgekeer het. Dit is die fees wat gaan oor God wat die krag/ **mag het om enigiets na sy wil te verander.** Purimfees is die ironiese simbool van **die magtelosheid van menslike mag voor God se almag.** Hy kan enige mag op aarde tot sy teendeel omkeer en dit diensbaar maak aan Hom en die wat aan Hom behoort.

- Die Jode het na hulle beloofde land teruggekeer na hierdie gebeure (473vC).

#### **Die verband met die Gelofte en Geloftedag:**

Die **eerste boodskap van die Gelofte**, so gesien, was dat die Here God nie Sy ore gesluit het toe die gelowiges gebid en gevra het vir Sy bystand en beskerming nie – die Almagtige God is 'n God van naby wat sy kinders, wat in benoudheid Hom aanroep, hoor en as 't ware met sy verhooring ook Sy seën aan gelowiges se soeke na 'n nuwe vaderland gegee het ... **Die tweede boodskap** van die Gelofte is dat die Here God ook Sy seën gegee het aan die Trekkers se soeke na 'n nuwe vaderland

Daarom is Geloftedag in die **eerste plek** 'n Dankdag, omdat God nog altyd sy hand oor ons gehou het (van die tyd van Ester af regdeur tot vandag toe) en altyd naby was om ons te beskerm **en in die tweede plek** dat die Here God ons nog altyd bygestaan het in die verwirkliking van ons soeke na vryheid en 'n vaderland ... So is Geloftedag die een dag in die jaar waar ons, gelei deur ons Gelofte, spesifiek dink aan ons **verbondenheid** aan God en God se antwoord ...

#### **Slotsom:**

Die almag van God en God wat dieselfde bly, al verander ons en ons omstandighede, skenk ons die vertrouwe om die toekoms


tegemeet te kan gaan ... hoopvol want:

**Deur sy mag het Hy die skande en verleentheid van die Kruis omgekeer in die vreugde van ons verlossing. Deur die mag van sy Gees kan hy my en jou omkeer in mense van sy Koninkryk.**

Rom 8: 31 "Wat is nou ons gevolgtrekking oor al hierdie dinge? Dit: God is vir ons, wie kan dan teen ons wees? Hy het sy eie Seun nie gespaar nie, maar Hom oorgelewer om ons almal te red. Sal Hy ons dan nie al die ander dinge saam met Hom uit genade skenk nie? Wie kan die uitverkorenes van God aankla? God self spreek hulle vry. Wie kan ons veroordeel? Christus Jesus het gesterf, maar meer as dit: Hy is uit die dood opgewek, Hy sit aan die regterhand van God, Hy pleit vir ons. Wie kan ons van die liefde van Christus skei? Lyding of benoudheid of vervolging, honger of naaktheid, gevaar of swaard? Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat vir ons liefhet. Hiervan is ek oortuig: geen dood of lewe of engele of magte of teenwoordige of toekomstige dinge of kragte of hoogte of diepte of enigiets anders in die skepping kan ons van die liefde van God skei nie, die liefde wat daar is in Christus Jesus ons Here. Amen

#### **Gebed**

**Slotsang:** Ges 102: 1, 2 en 5

**Seen:** Ontvang die seën van die Here en gaan hiervandaan in vrede: Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap met die Heilige Gees sal by u almal wees. Amen 

# UV-raadsbesluit oor pres. Steyn-standbeeld vanuit 'n onderwysperspektief gesien, onbegryplik

Hugo Hayes

Die onlangse besluit van die UV-raad oor die verskuiwing van die standbeeld, bring opnuut die kwessie van gerigtheid en verbintenis tot die bestaansrede van die Universiteit na vore. Synde 'n tersiêre opvoedkundige instelling, is dit die redelike verwagting dat dit uitsluitlik onderwyskundig behoort te wees. Reggeaarde ouers wil daarom weet of hulle nog hul jongmense met vrymoedigheid na hierdie Universiteit kan stuur. Indien dit sou blyk dat die uitgangspunt van die UV-owerheid nie meer oorheersend onderwyserig sou wees nie, sal ouers afgeraai moet word. Dit gesien teen die agtergrond van die hantering van die standbeeld-debakel deur die Raad.

Die ongemaklike vraag ontstaan dus of die Raad nie met hierdie onoorwoë skokbesluit, die akademiese aansien/status van die UV onnoemlike skade berokken het nie, wat vir die toekoms waarskynlik uitkringende nadelige gevolge mag inhou. Soos vir enige instelling wat 'n publieke diens van voortreflikheid wil lewer en te meer nog so belangrik soos tersiêre onderwys, is wat aan die UV gebeur uiters verontrustend. Die Raad sou tog eers moes gaan bereken het wat die skadelike uitwerking van 'n besluit soos hierdie op die openbare beeld van die UV sou wees, voordat so 'n kontroversiële besluit geneem word. Daarom die vraag: is die openbare beeld nog werklik vir die Raad belangrik of geld daar nou ander oorwegings van 'n nie-opvoedkundige aard?

Die oorheersende indruk soos van buite beskou, is dat hierdie besluit

die openbare beeld van die UV grootliks geskaad het. Trouens, dit het eerder en in veel groter mate as vantevore, die publieke persepsie versterk dat die Raad 'n vyandigheid teenoor die belange van die Afrikaner en van sy opvoedkundige en ander strewes openbaar. Hierdie waarneming word opgeweeg teen wat die Steyn-standbeeld in wese versimboliseer, maar wat die Raad oënskynlik dwars in die krop steek. Dan gaan dit nie slegs oor die blote uitbeelding van die geliefde persoon van pres. Steyn nie, maar dit strek veel dieper.

Pres. Steyn geniet die erkenning van sy mense – benewens sy staatmanskap – dat hy hom beywer het vir die bevordering van hoëstandaard onderwys. Die daarstelling van opvoedkundige instellings, waarheen veral behoeftiges van die na-oorlogse verwoeste Vrystaat heen kon gaan, het hom na aan die hart gelê. Die ongelukkigheid met die UV-raad se besluit in hierdie opvoedkundige konteks gesien, gaan daaroor dat hierdie bydrae blatant geïgnoreer word. Hoewel daardie hoogstaande opvoedkundige bydrae tot vandag toe deur die Afrikaner geag en gereken word, wil dit voorkom of die UV-raad geen oog of oor daarvoor het nie.

Dit baat gevolglik min dat daar hoog opgegee word oor die UV se verbintenis tot inklusiwiteit, maar wanneer dit by die bydrae uit Afrikanergeledere tot die ontwikkeling van die Vrystaatse Universiteit kom, geld ander maatstawwe. Dit is so goed as dat die Afrikaner se histories-erkende bydrae opgeskort



word deur die miskennis van hulle gerekende aandeel in die totstandkoming en uitbouing van die Universiteit. Dit maak van gewaande inklusiwiteit 'n klugspel.

Die Raad se besluit projekteer 'n ingesteldheid na buite wat in die omstandighede baie moeilik met die strewes na hoogstaande gehalte tersiêre onderwys in verband gebring kan word. Die tradisie van uitnemendheid, so kenmerkend van die ontstaan en voortgang van die Universiteit en die vroeë ontwikkeling daarvan, as een van die gerekendes in Suid-Afrika, het nou in die gedrang gekom. Met hierdie besluit het daar na waarneming 'n ooglopende verskuiwing weg van akademiese uitnemendheid ingetree, ter wille van ander oorwegings van nie-opvoedkundige aard. Sou die standbeeld-debakel slegs maar een van die laaste aanduidings hiervan wees?

Terwyl die UV allerweë na buite projekteer as 'n instelling van hoogstaande opvoedkundige standaard,

*Vervolg op bl. 18*

het die besluit oor die Steyn-standbeeld ongelukkig nie die projeksie van uitnemendheid aan die UV gestand gedoen nie. Inteendeel; veel meer indringende vrae is na vore gebring oor die koers wat deur die Raad ingeslaan word. Die UV-raad se ondeurdagte besluit moet in die eerste plek met die verbintenis tot goeie onderwys in verband gebring word. Dus moet daar met reg gevra word: staan hierdie en ander besluite van die UV-raad in die gees en toon van die verhewe doelverklarings soos dit oral op die reklameborde en die webtuiste van die UV aangebring is, of het dit eintlik maar betekenisloos geword?

Indien die besluit op opvoedkundige waardes gegrond sou gewees het, waarvoor pres Steyn inderdaad gestaan het, sou dit nie tot hierdie teenstellende besluit aanleiding kon gegee het nie. Pres. Steyn se standbeeld is indertyd opgerig uit erkentlikheid vir sy besondere opvoedkundige bydrae tot Bloemfontein en die Vrystaat. Ooreenkomstig die oorspronklike daad van oprigting word toepaslike erkenning aan die president se onvermoeide strewe vir behoorlike opvoeding en onderwys in die Vrystaat gegee. Die feit dat daar vernoemings van skole in die provinsie ter ere van die president gedoen is, is die klinkklare bewys hiervan.

Met hierdie onoorwoë besluit van die UV-raad word dit so beleef dat die “draer van die goeie (onderwys-)boodskap” bestaansreg ontneem moet word. Die Steyn-standbeeld versimboliseer juis dat deur middel van goeie onderwys/opvoeding daar ’n kulturele nalatenskap van betekenis ook aan die Vrystaatse Universiteit tot stand gebring sou kon word. Hierdie nalatenskap was trouens van so ’n aard dat daar soveel jaar later waarskynlik meer as 30 000

studente aan die UV ingeskryf is. En dit uit alle lae van die samelewing en vanuit diverse herkomste en oortuigings. Hoe beskou die UV-raad die feit dat getalsgewys seker meer studente as ooit tevore aan die UV ingeskryf is, en dit met teenwoordigheid van die Steyn-standbeeld en al. Daardie getalle studente is sekerlik nie ingeskryf omdat die teenwoordigheid van die standbeeld dit vir hulle sleg maak om aan die UV te wees nie. Hulle kon tog seker elders gaan inskryf het, maar hulle kies doelbewus die UV met die Steyn-assosiasie en al.

Die UV-raad se optrede moes nie deur ander oorwegings as opvoedkundig geïnspireer gewees het nie. Indien die argument sou wees dat dit wel vanuit opvoedkundige oorwegings geneem was, sou die besluit ongetwyfeld ten gunste van die behoud van die standbeeld moes wees. Indien dit nie opvoedkundig-gedrewe is nie, moet die afleiding gemaak word dat daar slegs een ander ooglopende motief vir die besluit sou moes wees en ’n mens huiwer om te moet aanvaar dat dit klaarblyklik sosio-polities moet wees.


Klem is reeds gelê op die feit dat die standbeeld oorspronklik opgerig is om erkenning te gee aan die president se strewe vir behoorlike (Christelike) opvoeding vir sy mense. As sodanig sou dit hoogs onvanpas wees dat ’n instelling soos die UV selfs bereid sou wees om toe te gee aan enige nosie dat die gedagtenis aan die standbeeld geskend moet word. Tot die uiterste toe kan egter geen historiese of enige ander gronde gevind word ter regverdiging van die skending van die integriteit van ’n standbeeld van die persoon en statuur van pres. Steyn nie.

Indien die UV sou wou posisioneer as ’n leidende universiteit in SA, sou die blote gedagte dat die Raad gepreokkupeer sou wees met ’n sterk ondertoon van politieke ge-

drewenheid of rassevooroordel, kontra-produktief wees. Indien die UV met sodanige vooroordel geassosieer moet word, wat nie-opvoedkundig van aard is, laat dit ’n donker skadu van ongeloofwaardigheid oor die instelling val. Die geskiedenis is getuie daarvan dat waar universiteite se fokus weg van akademies na sosiaal-polities geskuif het, dit later teelaarde vir revolusie geword het.

Enige wanvoorstelling van pres. Steyn soos wat uit die radikale stem op die kampus verneem is in aanloop tot die besluit, is totaal ongegrond. Inteendeel, die president was daarvoor bekend dat hy kolonialisme bestry het en iemand wat sy land en mense intens liefgehad en ’n besondere deernis vir die vroue en kinders van sy volk gehad het. Daarvan getuig o.m. die oprigting van die Vrouemonument, ter nagedagtenis aan die lyding van die vroue en kinders, wat hy hom sterk aangetrek het.

Die slotsom is dat alles wat herinner aan die opvoedkundig-kulturele bydrae en nalatenskap van die Afrikaner, in hierdie geval tot akademiese vooruitgang vir die Vrystaat-provinsie, uitgewis moet word. Dit maak klaarblyklik nie saak of enigeen uit watter ander denominasie of kultuuragtergrond ookal vandag die voordele geniet wat oorspronklik deur Afrikaner-inisiatief tot stand gebring is nie.

Vir reggeaarde Afrikaners verteenwoordig die standbeeld egter die kulturele strewe van ’n gewaardeerde president wat ook die belang van uitmuntende opvoeding en onderwys op die hart gehad het en daarvoor die nodige erkenning ontvang het. Sy nagedagtenis en opvoedkundige nalatenskap verdien beslis nie die onregmatige behandeling soos deur die UV-raad toegepas nie. Daarom moet die sterkste moontlike teenkanting teen die voorgename verwydering van die standbeeld uitgespreek word. 



# Christelike opvoeding

## Sien jou kinders op die regte manier

*Pieter Bisschoff*

Vir sommige onderwysers is leerlinge bloot objekte in wie hulle voorgeskrewe kennis en vaardighede moet inpomp. Ander sien kinders weer as 'n klomp rebelle wat voortdurend in opstand kom en wat dus gedissiplineer moet word.

Wat ook al die siening, een ding is seker: die wyse waarop ouers en onderwysers hulle kinders beskou, bepaal hoe hulle teenoor die kinders optree. As 'n ouer byvoorbeeld sy kind as minderwaardig beskou, is die kans goed dat hy of sy sonder om dit te besef, hulle sonder respek en met minagting sal hanteer.

Gelowige ouers en onderwysers moet op die regte – die Bybelse – manier na hul kinders kyk. Vir hulle is 'n kind nie minder of meer as die posisie en status wat God aan die kind gee nie. Met die uitstorting van die Heilige Gees maak God dit duidelik dat sy beloftes nie net die volwassenes nie, maar ook die kinders, toekom. Kinders van

gelowige ouers leef net soos hulle ouers in die verbond met die Here en moet daarom, hoewel nog onervare, as medegelowiges gesien en hanteer word.

Al is kinders jonk, vertoon hulle reeds die beeld van God en mag hulle daarom nie onverskillig of negatief hanteer word nie. Net soos volwassenes is hulle sondig en het hulle ook 'n Verlosser nodig. 'n Ouer of onderwyser wat dit besef, sal altyd in liefde die Here se reg aan sy kind of die leerlinge bedien. Daarby vertrou die ouers hul kinders aan die onderwyser toe en verwag hulle dat die onderwysers in liefde en met belangstelling teenoor hulle kinders sal optree.

### **Nowe band met God**

Geen kind staan alleen in die wêreld nie. Alle mense staan in 'n direkte verhouding tot die Here, of die kind dit nou wil erken en weet of nie. God het hulle kunstig in die



moederskoot geweef en daarom is hulle sy eiendom. Al weier miljoene mense om sy gesag oor hul lewens te erken, kan hulle nie aan sy koningskap ontkom nie. Hierdie grondbeginsel verskaf aan gelowige ouers en onderwysers die fondament of basis om hul kinders op te voed.

Ouers en onderwysers moet daarom mooi nadink oor hoe hulle met

**Vervolg op bl. 20**

### **Vervolg van bl. 10**

#### **Redaksioneel**

genadige beskikking van God in hierdie land as kultuurerfenis ontvang het, en van niemand anders geroof of gesteel nie, maar volhardend daarvoor gewerk het. Christelike onderwys onder die destydse CNO-bedeling (later CVO) is maar een van daardie kosbare erfenisse wat onder die huidige onderwysbedeling in die gedrang gekom het. Ons word verplig om in hierdie tyd ernstig oor die toekoms van ons volk te besin en dit sluit die belangrike plek wat die onderwys inneem in. Indien daar slegs maar een geslag sal wees wat nie die voorreg van Christelike onderwys gehad het nie, sal dit besliste gevolge meebring.

Daar rus dus 'n verpligting op die VCHO en almal wat met die onderwys gemoed is om daartoe die nodige oortuigingswerk te doen in belang van die vestiging van 'n Christelike samelewing.

Christene wil ook nie ontvlugting soek wanneer hulle voor probleme of uitdagings te staan kom nie, maar dit eerder in die geloof aanpak. Enkele weke gelede het ons Geloftedag gehou, wat 'n manifestasie was van meer as wat in menslike krag vermag sou kon word, indien daar nie op God vertrou was nie. En moed daaruit geskep dat ons voorouers juis die geloof in God behou het om uiterste lewenskrisisse te oorkom. Dwarsdeur die geskiedenis het God Hom getrou bewys. Ons kan en wil

daarom 2019 met volle geloofsvertroue tegemoetgaan. Kom ons doen dit hierdie jaar deur ook reg te laat geskied aan ons verantwoordelikhede op elke terrein van ons volkslewe. Insonderheid word hiermee 'n pleidooi gerig dat die saak van die onderwys weer deeglik in oënskou geneem sal word. 2019 kan 'n uitsonderlike jaar word, indien ons met hierdie gesindheid ons aan ons roeping in die wydste sin van die woord toewy en vertrouend die toekoms van ons volk tegemoetgaan, soos ons dit ook vir ander volkere gun. Ons wil graag ons lede 'n besonder geseënde 2019 toebid; 'n jaar waarin ons opnuut kan saambid en -werk vir dié sake wat belangrik is; Christelike onderwys en opvoeding beslis nie die minste daarvan nie.

Vervolg van bl. 19

## Christelike Opvoeding

die Here se eiendom omgaan. Hulle besef dat God die mens as kroon van die skepping daargestel het om sy beeld te reflekteer. Die sondige aard van die kind mag wel die beeld krom en skeef trek, maar dit ontnem die kind nie van die besondere posisie waarin God die mens as rentmeester van sy skepping geplaas het nie.

Gelowige onderwysers wat hul leerlinge as beelddraers sien, leer hul leerlinge om al meer die beeld van God te reflekteer. Hulle moet

byvoorbeeld weet hoe om eties en moreel korrek op te tree, teen die sonde te stry, God te dien, te bid en die Bybel te lees. Verkeerde denke en doen ten diepste skade aan God se eer.

As eiendom van God moet kinders leer om hul taak in die wêreld (kultuuroopdrag) nougeset uit te leef. Die aarde moet nie net bewoon word nie, maar ook bewerk en bewaar word. Gelowige ouers en onderwysers moet moeite doen om hulle kinders vir hierdie taak toe te rus. Alle opvoeding en opleiding is deel van die vorming van die leerlinge as

gelowige rentmeesters. Hierdie wete dwing gelowige ouers en onderwysers om anders as ongelowiges na hul leerlinge te kyk. Kinders is veel meer as 'n klomp individue wat elkeen sy of haar volle potensiaal moet bereik. Hulle is God se beelddraers wat sy skepping tot sy eer moet bewoon, bewerk, bewaar en bewaak, nie in die eerste plek om hul volle potensiaal te kan bereik nie, maar om hul Vader in die hemel te dien op die manier en op die plek waar Hy jou plaas.

(Word in 'n volgende uitgawe vervolg --Red.)



## Bydraes aan VCHO: beroep op lede

Ons bring graag 'n saak onder ons lede se aandag, wat in beide hulle en VCHO se belang is. Ons merk dat daar nog lede is wat inbetalings as bydraes aan VCHO in kontant doen. Dit sluit in sowel bydraes wat oor die toonbank of by kitsbanke gedeponeer word en die hoë bankkoste daaraan verbonde. Volgens ons finansiële state van die afgelope jaar, word inbetalings in kontant met hoë bankkoste belas. Op 'n bedrag van byvoorbeeld R50, die voorgestelde minimum jaarlikse bydrae aan VCHO, beloop die bankkoste in sodanige gevalle soveel as R45, wat beteken dat slegs R5 die VCHO toekom.

Ons wil ons lede in hierdie omstandighede eerder aanmoedig – die wat dit so kan doen – om waar moontlik elektroniese inbetalings te doen. In hierdie geval is die bankkoste minimaal en ontvang die VCHO veel meer uit 'n bydrae van R50, as in voormelde gevalle. Daar word egter voorkeur gegee aan die reël van 'n aftrekorder met die bank, of 'n debietorder direk met VCHO.

Ons bedank graag weereens ons lede vir volgehoue bydraes, wat broodnodig is vir die voortgesette uitvoering van VCHO se opdrag, nl. die bevordering van Christelike onderwys.

Ons bankbesonderhede soos volg:

VCHO

ABSA Bank, Loch Logan



Die Hoofbestuur van die VCHO verklaar hiermee dat die standpunte van outeurs in *Roeping en Riglyne* nie noodwendig die amptelike standpunt van die VCHO is nie.

ROEPING  
en  
RIGLYNE

REDAKTEUR

KERNREDAKSIE: Prof A.W.G. Raath,  
Prof D.F.M. Strauss.



Die Uitvoerende Beampte

Posbus 1824

Van Schalkwykstraat 21, Universitas  
Bloemfontein  
9300 / 9301

Tel. (051) 525 2267 of

(051) 525 2341

Faks (051) 522 4513

E-pos: [hugo@vcho.co.za](mailto:hugo@vcho.co.za)

Tuisblad: <http://www.vcho.co.za>

HOOFBESTUUR

Prof A.W.G. Raath (Bloemfontein, Voor-  
sitter), Prof P.H. Stoker (Potchefstroom,  
Ondervoorsitter), Prof J.A.E. Adendorff  
(Pretoria), Prof E.J. van Niekerk  
(Pretoria), Prof I.H. Horn (Pretoria), Prof  
H.G. Stoker (Potchefstroom), Dr A.L.A.  
Buys (Pretoria), Dr M. Diedericks  
(Pretoria) en Ds R. Bain (Potchef-  
stroom).

Uitvoerende Beampte: Mnr H.J. Hayes